## KENNISGEWING 231 VAN 1994

### DEPARTEMENT VAN VERVOER

WET OP DIE LISENSIËRING VAN LUGDIENSTE, 1990 (WET No. 115 VAN 1990)

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 15 (1) (b) van Wet No. 115 van 1990 en regulasie 8 van die Regulasies vir Binnelandse Lugdienste, 1991, vir algemene inligting bekendgemaak dat die Lugdienslisensiëringsraad die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylae hieronder verskyn, sal oorweeg.

Vertoë ingevolge artikel 15 (3) van Wet No. 115 van 1990 ter ondersteuning of bestryding van 'n aansoek moet die Lugdienslisensiëringsraad, Privaatsak X193, Pretoria, 0001, binne 21 dae na die datum van publikasie hiervan bereik.

### BYLAE 1

AANSOEKE OM DIE TOESTAAN VAN LISENSIES

(A) Volle naam en handelsnaam van aansoeker. (B) Volle besigheids- of woonadres van aansoeker. (C) Klas lisensie waarom aansoek gedoen word. (D) Tipe lugdiens waarop aansoek betrekking het. (E) Kategorie lugvaartuig waarop aansoek betrekking het.

(A) A.S.A.T. Aviation (Edms.) Bpk. (B) Posbus 461, Stellenbosch, 7899. (C) Klas III. (D) Tipe G2, G3, G4, G5, G7, G8, G10, G13, G14 en G15. (E) Kategorie A3 en H2.

(A) Jacobus Ignatius Roos, Cobus Roos Fotografie. (B) Posbus 58760, Karenpark, 0118. (C) Klas III. (D) Tipe G4. (E) Kategorie A4.

(18 Maart 1994)

## NOTICE 231 OF 1994

### DEPARTMENT OF TRANSPORT

AIR SERVICE LICENSING ACT, 1990 (ACT No. 115 OF 1990)

Pursuant to the provisions of section 15 (1) (b) of Act No. 115 of 1990 and regulation 8 of the Domestic Air Services Regulations, 1991, it is hereby notified for general information that the applications details of which appear in the Schedule hereto, will be considered by the Air Service Licensing Council.

Representations in accordance with section 15 (3) of Act No. 115 of 1990 in support of, or in opposition to, an application, should reach the Air Service Licensing Council, Private Bag X193, Pretoria, 0001, within 21 days of the date of publication hereof.

### SCHEDULE 1

APPLICATIONS FOR THE GRANT OF LICENCES

(A) Full name and trade name of applicant. (B) Full business or residential address of applicant. (C) Class of licence applied for. (D) Type of air service to which application applies. (E) Category of aircraft to which application applies.

(A) A.S.A.T. Aviation (Pty) Ltd. (B) P.O. Box 461, Stellenbosch, 7899. (C) Class III. (D) Type G2, G3, G4, G5, G7, G8, G10, G13, G14 and G15. (E) Category A3 and H2.

(A) Jacobus Ignatius Roos, Cobus Roos Fotografie. (B) P.O. Box 58760, Karenpark, 0118. (C) Class III. (D) Type G4. (E) Category A4.

(18 March 1994)

## KENNISGEWING 232 VAN 1994

### DEPARTEMENT VAN LANDBOU

WET OP LANDBOUPRODUKSTANDAARDE, 1990 (WET No. 119 VAN 1990)

AANWYSING VAN GEMAGTIGDE

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Landbou kragtens artikel 2 (3) van die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990), met ingang van 1 Januarie 1994, Produkkontrole vir Landbou [Vereniging ingelyf kragtens artikel 21 van die Maatskappy Wet, 1973 (Wet No. 61 van 1973)] as Gemagtigde ten opsigte van aartappels bestem vir plaaslike bemarking, vir die doeleindes van die toepassing van artikel 3 (1) (a) en (b) van genoemde Wet, aangewys het.

**D. P. KEETCH,**

Uitvoerende Beampte: Landbouprodukstandaarde.

(18 Maart 1994)

## NOTICE 232 OF 1994

### DEPARTMENT OF AGRICULTURE

AGRICULTURAL PRODUCT STANDARDS ACT, 1990 (ACT No. 119 OF 1990)

APPOINTMENT OF ASSIGNEE

It is hereby made known for general information that the Minister of Agriculture has under section 2 (3) of the Agricultural Product Standards Act, 1990 (Act No. 119 of 1990), with effect from 1 January 1994 appointed Product Control for Agriculture [Association incorporated under section 21 of the Companies Act 1973 (Act No. 61 of 1973)] as Assignee for the purpose of the application of section 3 (1) (a) and (b) of the said Act with regard to potatoes destined for the local market.

**D. P. KEETCH,**

Executive Officer: Agricultural Product Standards.

(18 March 1994)